WESKUS TOERISME

E-mail: tourism@wcdm.co.za Tel. 022 433 8505
www.capewestcoast.org

NUUSBRIEF
SEPTEMBER 2012

SAKE VAN BELANG

- **STO BESTUUR VIR 2012-2013**
- **UITSTEKENDE BLOMSEISOEN**
- **TOERISME TOEKENNINGS**
- **WêRELD MOTORVRYE DAG - 22 Sept. 2012**
- **VINDABA 25-27 Sept. 2012**
- **WêRELD TOERISME DAG - 27 Sept . 2012**
- **SATTIC**
  Hierdie konferensie was beslis 'n hoogtepunt op die kalender, met uitstaande en insiggewende sprekers en -werkswinkels.
  Verslag volg binnekort.
- **'BRANDING'**
  Jou handelsmerk is jou reputasie, en jou reputasie is wie jy werklik is. – nie wie of wat jy probeer wees nie.
  Wees oorspronklik!
- **LET WEL:**
  Toerisme moet 'geboer" word, nie 'gejag' word nie (Anoniem)

STO BESTUUR

Tydens die Algemene Jaarvergadering van die STO, gehou op 28 Augustus 2012, is die volgende persone verkies tot die Dagbestuur van die STO:

Voorsitter: Jolene Janse van Rensburg
O-voors: Hillary Morris
Bemarkingsvoors. Monika de Jager
Ontwikkelingsvoors: Dave Osborn
EDP verteenwoordiger: Kiewiet v Rooyen
RTLC voors: Dave Cornelius

Sodra al die streke hul verteenwoordigers aangewys het sal die lys van die volle bestuur gesirkuleer word.

Hillary het besluit dat dit tyd is om oor te gee aan die jonger geslag en ons is baie bly dat sy tog ingestem het om weer op die dagbestuur te dien. Haar leierskap en kennis is van onskatbare waarde.

TOERISME TOEKENNINGS

Die Toerisme Toekenningsfunksie word gehou in Paternoster op 19 Okt. 2012. Twee nuwe kategorië is bygevoeg en Min Alan Winde sal optree as gasspreker. Moedig asb julle lede aan om in te skryf vir een of meer

- Opkomende Toerisme Besigheid
  Toerisme Gebeurtenis
  Toerisme Fasiliteit/Aktiwiteit
  Toerisme Inligtingskantoor
  Toerisme Persoonlikheid, met die nuwes as:
  Akkommodasie en * Swart Toerisme Besigheid

Die Sluitingsdatum is 25 Sept. 2012.

UITSTEKENDE BLOMSEISOEN

Die goeie reëns hierdie jaar gee vir ons een van die beste blomseisoene in 'n lang tyd en die Weskus- sowel as die Namaqwa Nasionale Parke word behoorlik oorval met besoekers.

VINDABA

Weskus Toerisme gaan die streek by Vindaba verteenwoordig wat gehou word dv op 25-27 September 2012 in die KIKS. Hierdie is 'n vennootskap tussen WOSA, SA Toerisme, DEDAT, Wesgro, Kaapstad Toerisme, die Wynroetes sowel as die STOs in die Weskaap. Tydens Vindaba word internasionale sowel as plaaslike media en toer– en reisagente geteiken.

WêRELD MOTORVRYE DAG

Op 22 Sept. 2012 gaan mense oor die wêreld heen stap, fietsry en van publieke vervoer gebruik maak om aan te dui dat ons sonder die besoedeling van motorgasse kan klaarkom.

Kom ons doen mee en kry ook sommer goeie oefening!

WêRELD TOERISMEDAG

word gevier op 27 Sept. '12 met die volgende tema: "Toerisme en Volhoubare energie: Krag aan Volhoubare Toerisme Ontwikkeling'. Die feesvieringe vind hierdie jaar plaas in Maspalomas in Spanje en volg dit gerus op twitter by UNWTO hashtag #WTD2012.
Besoek ook ons webtuiste om te sien wat plaaslik gebeur.

BEWUSMAKINGSAKSIES

Hierdie jaar het afgeskop met 'n toer vir toeroperateurs na die suidelike deel van die Weskus, waaronder een operateur van die Ukraine en een van Korea was. In Okt/Nov '12 word 'n toer beplan na die noordelike dele van die Weskus. Hierdie bewusmakingsaksies dra goeie vrugte.

BEAMPTEOPLEIDING

Die beampteopleiding gaan hierdie jaar van 8-10 Nov. in die Kaap plaasvind in samewerking met Kaapstad Toerisme. Laat weet asb. vir Dave teen 28 Sept. 2012 as julle wil saamgaan na hierdie onmisbare spanbou geleentheid.

Vriendelike groete

Kiewiet
Bestuurder